



SKOLE

ondersteuningsentrum



*Munisipale uitgawes*

SÓ BARS SKOLE OM DIE LIGTE AAN TE HOU

skole.co.za




## Doel van die studie

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) het die afgelope jaar van verskeie skole verneem dat hul munisipale rekeninge onbekostigbaar raak en dat dit soms ernstige finansiële implikasies vir die skool inhou. Ten einde vas te stel wat die omvang van munisipale kostes by skole is en hoe dit skole se finansies beïnvloed, het die SOS besluit om navorsing te doen oor presies hoeveel geld skole aan munisipale kostes opdok en hoe hulle hiervoor voorsiening maak.

## Metodologie & steekproef

'n Elektroniese vraelys is aan sowat 1 000 skoolhoofde en voorsitters van skoolbeheerliggame gestuur, wat lede is van die SOS se Leierskapsvereniging. Voorsitters en hoofde van 157 skole van reg oor die land het die vraelys voltooi. Die meeste skole wat die vraelys voltooi het, is in Gauteng (53 skole) geleë. In die Wes-Kaap het 40 skole deelgeneem, 17 skole in Noordwes, en 15 skole in die Vrystaat. Die reaksie uit die oorblywende provinsies was beperk. 'n Uiteensetting van die deelname van skole, volgens provinsie, word in die onderstaande grafika uiteengesit.



▲ GRAFIEK 1: Ligging van skole wat aan die studie deelgeneem het.



Die meeste skole (70%) wat aan die studie deelgeneem het, het minder as 'n duisend leerders, terwyl 'n kwart van die deelnemers (25%) tussen 1 000 en 1 500 leerders in die skool het. Net 5% van deelnemende skole het meer as 1 500 leerders.

Altesaam 90% van skole wat aan die studie deelgeneem het, word geklassifiseer as kwintiel 4- en 5-skole. Dit beteken dat die skole in woongebiede geleë is waar ouers veronderstel is om skoolgeld te bekostig. Kwintiel 4- en 5-skole vra dus almal skoolfonds, wat jaarliks deur elke skool se beheerliggaam vasgestel word. Slegs 4% van skole wat aan die studie deelgeneem het, val onder kwintiel 1 tot 3. Dit beteken dat hulle nie skoolfonds vra nie. Die res (6%) is privaat skole.

## Bevindings

Volgens die antwoorde wat van skole ontvang is, bestee 36% van skole tussen R40 000 en R70 000 per maand aan munisipale kostes. Altesaam 18% betaal tussen R70 000 en R100 000 per maand en 8% betaal meer as R100 000 elke maand. Die res (38%) betaal minder as R40 000 'n maand.

Uit die inligting wat die skole beskikbaar gestel het, is dit duidelik dat meeste skole (52,6%) tussen 5% en 10% van hul bruto inkomste aan die vereffening van munisipale rekeninge bestee. Amper 14% van die deelnemende skole het egter aangedui dat hulle meer as 10% van hul bruto inkomste moet afstaan aan munisipale kostes. 'n Derde van skole (33,6%) betaal minder as 5% aan munisipale kostes.



▲ **GRAFIEK 2:** Bedrag geld wat skole maandeliks aan munisipale uitgawes bestee.

Dis interessant dat sewe uit die nege privaat skole aangedui het dat hulle maandeliks minder as R40 000 aan munisipale rekeninge bestee. Die meeste privaat skole se munisipale kostes beloop dus minder as 5% van hul bruto inkomste.

Die vyf kwintiel 1- tot 3-skole wat aan die navorsing deelgeneem het, bestee almal tussen 5% en 10% van hul bruto inkomste hieraan. Die meeste van hierdie “no-fee”-skole het minder as 1 000 leerders.

Daar blyk nie 'n verband te wees tussen die aantal leerders wat in die skool is en die maandelikse munisipale uitgawes nie. Skole met minder as 1 000 leerders betaal soms meer as R100 000 per maand. Skole met tussen 1 500 en 2 000 leerders betaal egter oorwegend tussen R40 000 en R70 000 per maand.

'n Altemintige 84% van die skole het al in die verlede probleme met foutiewe munisipale rekeninge ervaar. Ongeveer 33% van hierdie skole ervaar gereeld probleme met foutiewe rekeninge. Uit hierdie groep het 61% aangedui dat die betrokke munisipaliteit maande lank gesloer het om die probleem op te los.




**9,5%**

Die persentasie waarmee Gautengse skole se munisipale rekeninge per jaar styg.

## Vergelyking: Gauteng vs Wes-Kaap

Skole in Gauteng betaal gemiddeld baie meer vir munisipale dienste as skole in die Wes-Kaap. In Gauteng betaal skole gemiddeld R68 000 per maand vir dienste, terwyl Wes-Kaapse skole gemiddeld R53 000 per maand betaal. Gautengse skole se rekeninge styg boonop jaarliks met 9,5%, terwyl skole in die Wes-Kaap se rekeninge met gemiddeld 8,4% per jaar styg. Gautengse skole bestee gemiddeld 8,7% van hul bruto inkomste aan munisipale uitgawes, terwyl Wes-Kaapse skole 6% hiervan aan munisipale uitgawes bestee.



▲ GRAFIEK 3: Vergelyking tussen munisipale uitgawes van skole in Gauteng en die Wes-Kaap.


Die data dui daarop dat meer as die helfte (55%) van die skole in al die provinsies se munisipale kostes met meer as 9% toegeneem het die afgelope jaar, dus baie meer as die inflasiekoers. Altesaam 21% van die skole (een uit elke 5) wat aan die studie deelgeneem het, se munisipale kostes het met meer as 11% verhoog.



## *Invloed op skole se finansies*

**A**ltesaam 69% van skole het aangedui dat die hoë munisipale uitgawes die skool se finansies beïnvloed en dat hulle fyn moet werk om al hul uitgawes te dek. Amper een uit elke tien skole (9%) het aangedui dat dit die skool se finansies geweldig knou en dat hulle tans agterstallig is met die betaling van munisipale rekeninge.

Die meerderheid skole (46%) het aangedui dat stygende munisipale kostes een van die hoofredes is vir die jaarlikse verhoging in skoolfonds. Meer as 'n derde (37%) van die skole bestee minder aan ander uitgawes soos infrastruktuur of salarisse om voorsiening te maak vir hoër munisipale diensfooie. Sommige skole maak alternatiewe planne, soos om 'n boorgat by die skool te sink.



▲ GRAFIEK 4: Hoe skole stygende munisipale kostes die hoof bied.



# R639 000

Die bedrag waarmee 'n skool in Pretoria se munisipale rekening gestyg het sedert die installering van 'n slimmeter.

## *Slimmeters*


**S**legs 27 skole het aangedui dat hulle van 'n "slimmeter" gebruik maak. Enkele skole het aangedui dat hul kostes astronomies verhoog het nadat die slimmeter by die skool installeer is. Slimmeters in Tshwane is in die meeste gevalle sonder skole se medewete of toestemming geïnstalleer. Die hooggeregshof in Gauteng het boonop in 2018 beveel dat slimmeters wat sedert 2013 in Tshwane geïnstalleer is, verwyder moes word, omdat die stadsraad se kontrak met die installeerders Peu Capital Partners ongeldig is.

Die hoof van 'n skool in Pretoria noem dat die skool se munisipale rekening van R211 000 na R850 000 per jaar verhoog het, sedert die installering van die slimmeter.

"Ons moet boonop elke maand 'n basisfooi van tussen R2 000 en R2 500 betaal nog voor enige elektrisiteit gebruik is," sê die hoof. Daar is ook geen manier vir die skool om te weet of die lesings op die slimmeter akkuraat is nie."


# Gevolgtrekkings

- 1** Skole bestee gemiddeld tussen R40 000 en R70 000 per maand aan munisipale kostes, maar amper een uit elke 10 skole bestee meer as R100 000 per maand.
- 2** Bykans 14% van skole bestee boonop meer as 10% van hul bruto inkomste om munisipale rekeninge te vereffen.
- 3** Die kostes hou nie verband met die aantal leerders in 'n skool is nie.
- 4** Volgens Gerda Senekal, raadslid van die Vryheidsfront Plus, kan hoë munisipale tariewe toegeskryf word aan onreëlmatige of verkeerde meterlesings deur die munisipaliteit en onbillike tariewe vir skole.
- 5** Morné Mostert, AfriForum se hoof van plaaslike regering, sê skole se munisipale rekeninge word beïnvloed deur bloktariewe. Hoe meer water en elektrisiteit verbruik word, hoe meer sal skole dus moet betaal. Elke munisipaliteit se bloktariewe werk egter anders.
- 6** Skole se omstandighede verskil soms drasties. As die skool sportvelde het wat onderhou moet word, of gebruik maak van boorgate om sy water aan te vul, het dit 'n invloed op die munisipale rekening.
- 7** Skole in Gauteng betaal aansienlik duurder vir munisipale dienste soos water en elektrisiteit, as in die Wes-Kaap. Die koste van hierdie dienste styg ook vinniger in Gauteng as in die Wes-Kaap. In albei provinsies styg munisipale kostes vinniger as inflasie.
- 8** Volgens Mostert kan hierdie verskil toegeskryf word aan die positiewe politieke klimaat in die Wes-Kaap. "Hier is nog 'n mate van professionaliteit in munisipale administrasie, wat dit moontlik maak dat tariewe op die regte manier benader word. Dit is natuurlik nie oral in die Wes-Kaap die geval nie."
- 9** Die navorsing toon dat munisipale uitgawes talle skole finansieel knou.
- 10** Die toename in hierdie tipe uitgawes het 'n direkte invloed op die stygings in skoolfonds, veral in stedelike gebiede. Altesaam 46% van skole moet jaarliks hul skoolfonds verhoog om hierdie uitgawes te delg. Dit veroorsaak ook dat minder geld beskikbaar is vir ander noodsaaklike uitgawes soos salarisse en infrastruktuur.
- 11** Die meeste skole ervaar probleme met foutiewe rekeninge en sukkel dan om die munisipaliteit te kry om probleme reg te stel. Foutiewe munisipale rekeninge veroorsaak soms dat skole meer betaal as wat hulle werklik skuld. Senekal sê onbevoegde, onbekwame personeel in diens van munisipaliteite en interne prosesse wat sloer is grotendeels hiervoor verantwoordelik.



## Aanbevelings

- 1** Skole moet kennis neem van hoe bloktariewe werk. Elke munisipaliteit het sy eie tariefstruktuur wat beskikbaar is op hul onderskeie webtuistes of by 'n munisipale biblioteek. Skole kan dan met hul onderskeie munisipaliteite om 'n beter tarief onderhandel, wanneer die munisipaliteit hul jaarlikse Geïntegreerde Ontwikkelingsplan ("Integrated Development Plan") voorlê. 'n Rooster vir die publiekedeelnameproses word gewoonlik in Augustus gepubliseer. As die munisipaliteit nie 'n tariefwysiging wil toestaan nie, kan skole 'n direkte versoek aan die energiereguleerder Nersa rig.
- 2** Skole moet weet wat die stappe is om probleme met hul rekeninge te hanteer. "Indien daar 'n fout is met jou skool se rekening, moet daar heel eerste 'n dispuut met die plaaslike munisipaliteit verklaar en die probleem so duidelik moontlik uiteengesit word," sê Morné Mostert. 'n Konsep van hierdie dispuutbrief is beskikbaar op [skole.co.za](http://skole.co.za).
- 3** Skole wat probleme met hul slimmeters ondervind, kan die hulp van 'n elektriese inroep. Die aantal eenhede wat die skool tans gebruik moet vergelyk word met die aantal eenhede wat voor die installering van die toestel gebruik is. Indien die eenhede verskil, kan die toestel moontlik foutief wees en moet 'n dispuut by die munisipaliteit verklaar word.
- 4** Skole kan hul plaaslike raadslid ook nader om hulp om kwessies met munisipale rekeninge te hanteer. Raadslede het die vermoë om bepaalde sake na die korrekte afdeling te herlei.
- 5** Skole kan hul krag- en waterverbruik beperk deur te verseker dat waterpype geen lekkasies het nie en dat veral toilette ook nie water lek nie. Skole word aanbeveel om die opsie van alternatiewe metodes van kragopwekking, soos sonkrag, te oorweeg.





---

### **OPSTELLER**

Elaine Krige • [elaine@skole.co.za](mailto:elaine@skole.co.za)

### **BESTURENDE DIREKTEUR: SKOLEONDERSTEUNINGSENTRUM**

Dr. Danie Brink • [danie@skole.co.za](mailto:danie@skole.co.za)

### **HOOF: ONTWIKKELING**

Melanie Buys • [melanie@skole.co.za](mailto:melanie@skole.co.za)

### **HOOF: OPLEIDING**

Hugo Vermeulen • [hugo@skole.co.za](mailto:hugo@skole.co.za)

### **HOOF: INNOVASIE**

Valentyn van der Merwe • [valentyn@skole.co.za](mailto:valentyn@skole.co.za)

### **GRAFIESE ONTWERP & UITLEG**

Aksent Media • [aksentmedia@vodamail.co.za](mailto:aksentmedia@vodamail.co.za)

---



Tel: 012 612 0234

E-pos: [admin@skole.co.za](mailto:admin@skole.co.za)

[skole.co.za](http://skole.co.za)



Deel van die Solidariteit Beweging

